



Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika Wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde

Die NG Kerk is besig met 'n stemproses oor die Algemene Sinode se voorstel vir die wysiging van artikel 1 van die Kerkorde. Hierdie inligtingsblad gee 'n opsomming van waaroor dit gaan en verduidelik ook die stemproses in eenvoudige stappe.

18 Augustus 2014

Beste lidmaat

Die Moderamen het tydens hulle vergadering van 12 en 13 Augustus baie aandag gegee aan die Algemene Sinode se voorstel vir die wysiging van artikel 1. Die Moderamen het die Moderatuur versoek om die hooflyne van die proses aan gemeentedele te verduidelik. Hiermee wil die Moderatuur lidmate graag aanmoedig om aan die stemproses deel te neem. Ons gee dus graag die volgende opsommende inligting.

Waaroor gaan die stemproses?

Die Algemene Sinode het reeds in **1998** besluit dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die drie formuliere van eenheid in stryd is nie en het toe ook die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar aanvaar. Die Algemene Sinode het toe in **2011** versoek dat die Belydenis van Belhar op 'n *kerkordelike* wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag gemaak word. Die Moderamen van die Algemene Sinode is versoek **om die nodige kerkordelike prosesse** hiervoor in werking te stel.

Die sinode wil graag toesien dat die *kerkordelike bepalinge noukeurig nagekom word*. (Sien KO art 44.1 en reglement 24)

Die Algemene Sinode het toe in 2013 besluit dat die gepaste manier om dit te doen sal wees om KO artikel 1 soos volg te wysig. Dit is waaroor gemeentes nou moet stem.

Die Algemene Sinode se voorstel is dat hierdie artikel 1 gewysig word om as volg te lees:

1. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.*
- 2.1 *Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*
- 2.2 *Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.*
3. *Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.*

Watter implikasies sou die aanvaarding van die nuwe kerkorde artikel 1 hê, veral ten opsigte van die Belydenis van Belhar?

Die opname van die Belydenis van Belhar in die belydenisgrondslag van die kerk word so gedoen dat dit op niemand afgedwing word nie. Geen lidmaat word dus daardeur van die kerk uitgesluit nie. Lidmate wat nie die belydenisskrif wil onderskryf nie, behou hulle volle lidmaatskapregte. Die belydenisskrif word ook op geen kerkvergadering afgedwing nie.

Die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius word ook vir die eerste keer by name in artikel 1 van die Kerkorde opgeneem.

Hoe werk die stemproses?

Stap 1:

Die kerkraad kom vir 'n amptelike vergadering bymekaar om oor die volgende te besluit:

- 1.1 Wanneer hulle die proses in die gemeente wil laat plaasvind. (Dit moet teen 31 Maart 2015 afgehandel wees)
- 1.2 Of hulle die stemproses deur
 - 1.2.1 'n Gemeentevergadering,
 - 1.2.2 In stembusse oor 'n tydperk van vier (4) weke,
 - 1.2.3 Of deur beide 'n gemeentevergadering én stembusse (om mense maksimum geleentheid te gee om te stem) wil laat plaasvind.
- 1.3 Hoe hulle die verifikasieproses* van lidmate wat stem, gaan hanteer.

Stap 2:

Die kerkraad maak dan by hierdie vergadering of by 'n volgende vergadering 'n AANBEVELING wat aan die gemeente oorgedra word:

JA vir die wysiging van Kerkorde artikel 1 of NEE indien hulle nie wil wysig nie.

Stap 3:

Die aanbeveling, plus hoe die stemming gaan plaasvind, word dan aan die gemeente bekend gemaak.

Stap 4:

Die stemming vind plaas. Onthou: net belydende lidmate van hierdie spesifieke gemeente mag hier stem.

Stap 5:

Na die stemming word die stemme onder toesig van twee (2) lede van die ring getel.**

Stap 6:

Dan vergader die kerkraad weer om hul BESLUIT te neem. Onthou: die eerste keer was dit net 'n aanbeveling.

Stap 7:

Die kerkraad se besluit word dan aan die gemeente bekend gemaak vir *approbasie*. Dit beteken nie dat die gemeente die kerkraad se besluit nou kan teenstaan indien dit van hulle s'n verskil nie. Approbasie is bloot 'n proses wat seker maak dat die kerkordelike proses korrek was.

Stap 8:

Indien geen beswaar teen die proses gemaak word nie, word die besluite van die gemeentelede en die kerkraad dan aan die ring gestuur.

** Daar is reeds in dié verband skrywes aan kerkkantore gerig. Indien u twyfel het, kontak asseblief die saakgelastigde, ds Bossie Minnaar, by bossie@kaapkerk.co.za of 021 957 7104.*

*** Daar moet twee (2) lede van die ring teenwoordig wees by die twee kerkradsvergaderings, die gemeentevergadering en wanneer die stemme getel word. Hulle hoef nie by die stembusse te wees nie, maar moet wel by wees as die stembusse oopgemaak word en die stemme getel word.*

Dit is baie belangrik dat die proses van besluitneming sal plaasvind in 'n gees van:

- gebed
- onderskeiding van die wil van God
- wedersydse respek en
- liefde

Enige verdagmakery of etikettering word ten sterkte afgewys.

Navrae: besoek die volgende webblaai of skakel asb u kerkkantoor

<http://kaapkerkadmin.co.za/>

<http://belydenisvanbelhar.co.za/>

Groete in Christus en sterkte met die proses.

Braam, Nelis, Monty, Quintus, Elize, Frik, Melanie, René en Bossie

Voorbeeld van die stembrief:

Die Kerkraad het tydens 'n kerkraadsvergadering gehou op 25 Augustus 2014 besluit om die instemming van die gemeente te verkry vir die Kerkraad se voorstel dat die voorgestelde nuwe artikel 1 van die *Kerkorde* by die volgende kerkraadsvergadering GOEDGEKEUR word.

Verleen u as belydende lidmaat van die gemeente u instemming met die VOORSTEL VAN DIE KERKRAAD?
[Merk met 'n kruisie (X) in die blok van u keuse]

	JA, ek verleen my instemming met die VOORSTEL VAN DIE KERKRAAD dat die nuwe artikel 1 van die <i>Kerkorde</i> by die volgende kerkraadsvergadering GOEDGEKEUR WORD. [JA, ek stem saam met die Kerkraad]
--	--

	NEE, ek verleen <u>NIE</u> my instemming met die VOORSTEL VAN DIE KERKRAAD dat die nuwe artikel 1 van die <i>Kerkorde</i> by die volgende kerkraadsvergadering goedgekeur word <u>NIE</u>. [NEE, ek verskil van die Kerkraad]
--	---